

Gereformeerde Kerk Bellville – 8 November 2015 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 102:1, 2 (p. 498)

- 1 HEER, u goedheid is onendig; / hoor my as ek diep ellendig,
as ek in my krag verkort, / klag voor U soos water stort.
Hoor die hulproep van 'n lyer, / wil u aanskyn hom nie weier;
hoor in nood, en hoor my nou, / help my, HEER, ag, help my gou!
- 2 Net soos rook in stormevlae, / so verdwyn my droewe dae;
my gebeente is dor geskroei, / soos 'n vuurherd so deurgloei.
En soos plante in sonnelande, / welk ek by u sonnebrande;
in ellende't ek vergeet, / soos 'n kranke, om brood te eet.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 138:1, 2 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!
U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.
Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 86:3, 6 (p. 432)

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek sreek.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Gebed

Psalm 8:1, 3, 4 (p. 30)

- 1 Daar is geen land so ver of woes geleë, / geen strand, o HEER, of wilde waterweë,
geen hemelsfeer in die oneindigheid – / of orals blink u Naam en majesteit.
- 3 As ek, o HEER, u nagtelike hemel / daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;
hoe, deur U toeberei, die skugter maan / met stille gang oor sterrevelde gaan –
- 4 wat is die mens dan dat U hom gedenk het, / die mensekind wat U so ryk beskenk het!
Met eer en heerlikheid is hy gekroon, / skaars minder as die eng'le om u troon.

Skriflesing: Job 15:1-16; 16:1-22; 18:1-21; 42:7-9

Kernverse: Job 42:8

Neem dan nou vir julle sewe bulle en sewe ramme, en gaan na my kneg Job en bring 'n brandoffer vir julle, en laat my kneg Job vir julle bid; want hom alleen sal Ek in guns aanneem, sodat Ek aan julle nie die dwaasheid laat vergelde nie; want julle het nie reg van My gespreek soos my kneg Job nie. (Job 42:8 AFR53)

Tema: Worstel biddend om God se wil te verstaan

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons luister vanoggend vir die derde keer uit die boek Job na die Here se stem. Met die boek Job wil die Here nie in die eerste plek vir ons sê waarom daar slegte dinge met gelowiges gebeur nie. Hy wil ook nie vir ons sê waarom daar slegte dinge te midde van sy goeie regering gebeur nie. Met die boek Job openbaar die Here in die eerste plek Homself aan ons as die almagtige en vrymagtige God. Hy alleen is God en Hy alleen weet wat is die beste vir sy skepping en vir elke skepsel.

Maar as 'n mens dit gesê het, beteken dit dat die gelowige met wie daar slegte dinge gebeur nou maar sy arms in die lug moet gooi en sê: Wel, die Here het besluit wat moet gebeur, so laat Hom nou maar begaan om met my te maak wat Hy wil. Daar is tog niks wat ek daaraan kan doen nie, al word dit ook gesê dat God die beste vir sy skepping en skepsels laat gebeur. Broers, susters en kinders, iemand wat so praat, praat asof hy nie in God glo nie. Dit is eerder woorde van iemand wat homself aan die noodlot oorgegee het, of hy sien God eerder soos iemand wat die skaakstukke op die skaakbord rondskuif. Die stukke het geen invloed op hulle eie koers nie. So 'n mens sien sy lewe as 'n dobbertjie wat op die lewensee ronddobber en of die dobbertjie nou in seegras verstrengel gaan raak, of teen die rotse flenters geslaan gaan word, of op 'n rustige strand uitspoel, daaroor het hy tog geen sê nie, so laat dan maar gebeur wat moet gebeur.

As ons dan nie God se vrymag aan noodlot moet gelykstel nie, hoe moet ons dan daarvoor dink en praat? Laat ons eers vir mekaar die volgende sê: Dit is nie so dat die mens geen invloed het op sy koers in die lewe nie. Die algemene reël waarvan Job en sy vriende weet, naamlik dat God die gelowige beloon en die ongelowige straf, is tog die bewys dat die mens 'n sê in die koers van sy lewe het. As jy deur jou sonde slegte gevolge dra, het jy self daardie koers in jou lewe aangebring. Tog weet ons al van die eerste hoofstukke af dat Job nie slegte gevolge dra omdat hy gesondig het nie. God het hierdie dinge oor Job se lewe gebring om vir Satan te bewys dat Job die Here ter wille van die Here self dien en nie sodat die Here aan Job goed moet doen nie.

Nou kon die Here dit nie met Job beter laat gaan het nadat Hy vir die Satan bewys het dat Job se geloof opreg is nie? Die Here kon dit verseker so gedoen het. Dit gaan immers nie oor wat die Satan moet besef nie. Die Here is in die besonder met Job besig. Job moet ook nog leer hoe vrymagtig, regverdig, barmhartig en genadig God regtig is. Die Here weet Job se geloof is opreg. Job moet ook nog verseker word dat sy geloof opreg is. Ons weet ook dat Job die Here opreg dien. Met sy worsteling om God se wil te verstaan het Job in die geloof aan God vasgegryp. Ons sien hierdie vasgryp van Job wanneer hy bely:

Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd!
(Job 1:21 AFR53)

En nadat hy met die pynlike swere getref is, bely hy weer:

Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie?

(Job 2:10 AFR53)

Nou moet Job self nog die fondament van sy geloof besef. Job moet self weet op grond waarvan hy sy geloof so kan bely. Daarom beproef die Here hom met die gesprekke van sy drie vriende. Die vorige keer het ons by die eerste rondte gesprekke tussen Job en sy vriende stilgestaan. Volgens die vriende het die swaarkry en ellende oor Job gekom omdat hy sonde gedoen het. Job het hierdie gevolgtrekking van sy vriende betwis. En aangesien sy vriende nie toe tot ander insigte wou kom nie, het Job sy hoop op God alleen gestel. Job het die vaste vertroue uitgespreek dat die Here sy saak regverdig sou besleg, want die Here is betroubaar.

Nou begin die tweede rondte gesprekke tussen Job en sy vriende. Elifas begin weer eerste. Maar nou is Elifas nie meer so sag en kalm teenoor Job soos vroeër nie. Hy praat sommer reguit met Job en slinger beskuldigings teen hom. Job praat nie wysheid nie. Dit is sommer 'n spul onsin, sy woorde is waardeloos. En met sulke dwaashede is Job selfs besig om sy status as 'n wyse man in gedrang te bring.

Elifas se beswaar teen Job se woorde gaan oor meer as net sy kommer oor Job se status. Job se woorde is meer as onsinnig. Dit is selfs gevaarlik, want, sê Elifas, Job se woorde teenoor God breek Job se eie eerbied vir God af. En dan gaan dit nog verder ook. Job se woorde veroorsaak dat ook ander mense sonder eerbied teenoor God optree. Die woorde van Job waarna Elifas verwys, is Job se woorde in hoofstuk 13. Daar het Job gesê hy wil sy saak vir die almagtige God stel. En as hy eindelijk sover kom om sy saak aan God te stel, sê hy vir die Here:

Klaag dan maar aan, en ék sal antwoord; of ek sal spreek, en gee U my antwoord. Hoeveel is my ongeregthede en sondes; maak my my oortreding en sonde bekend. (Job 13:22-23 AFR53)

Elifas beveel Job om eerder stil te bly en hy sê verder vir Job: Met jou woorde bewys jy niks van jou onskuld nie. Hierdie swaarkry het oor jou gekom omdat jy aan 'n sonde skuldig is. En die verdedigings wat jy aanvoer, kom juis uit jou sonde na vore. Dus veroordeel jy jouself met jou eie woorde. Want waar het jy nou al ooit gesien of gehoor van 'n sterflike mens wat rein is. Daar is nie so 'n mens nie. En nou wil jy met jou onsinnige woorde jou woede op God koel. Jy sal nie jou onreg met jou woorde kan bedek nie, Job. Jou woorde bewys eerder dat jy skuldig is.

Bildad val ook by hierdie beskuldigings in. Ook hy hou vol dat Job swaarkry omdat hy gesondig het. Job moet dit nou maar besef en klaar daarmee. Om hierdie siening te bevestig wys Bildad daarop wat met die goddelose mense gebeur. Hulle geluk en vrede verdwyn, want hulle eie slim plannetjies haal hulle in. Hulle kom tot 'n val. Daar is vir die goddelose mens nie wegkomkans nie; hy sal in die strik gevang word. En in sy relaas oor die goddelose mens se ongeluk, noem Bildad ook dinge wat met Job gebeur het, sy siekte en ook sy kinders wat nie meer leef nie. Die enigste logiese gevolgtrekking: Met die goddelose mense gaan dit sleg en met Job gaan dit ook sleg. Dus, Job, jy staan aan dieselfde kant as die goddelose mense. Jy kry swaar omdat God jou straf.

Nadat Sofar ook met dieselfde redenasie gekom het, wys Job hulle daarop dat hulle logika nie regtig so logies is nie. Daar is tog goddelose mense wat oud, ryk en vernaam word. Met hulle gaan dit regtig goed en alles wat hulle aanpak, verloop voorspoedig

(Job 21:7-15). Dus, my lieve vriende, julle kan nie op grond van wat met my gebeur het my nou sommer in dieselfde kraal as die goddelose mense plaas nie.

Broers, susters en kinders, dit blyk dat wanneer 'n mens eers eenmaal vir jou 'n beeld van God in jou geloof gevorm het en verstaan dat God op so 'n manier met mense werk, sien jy moeilik van daardie beeld af. Job se vriende het by die beeld vasgesteek dat God die gelowiges beloon en die goddeloses straf. Vir hulle werk God nie op 'n ander manier met mense nie. Daarom kan 'n mens die saak omdraai en uit die mens se toestand aflei hoe sy verhouding met God is. Dit is wat hulle nog die hele tyd met Job doen. Job kry swaar omdat hy gesondig het.

En wanneer die derde rondte gesprekke begin, raak Elifas-hulle sommer persoonlik. Nou begin hulle Job se sondes die een na die ander opnoem. As Job dan nou regtig wil weet waarom die Here hom met die ellende getref het, sal hulle dit vir hom sê. In hierdie stadium versteen die gesprek tussen Job en sy vriende. Job wil nie toegee aan die vriende se beskuldigings nie en die vriende wil nie insien dat Job onskuldig is nie. Daar sal nie vordering in hierdie gesprekke kom nie. Maar sal daar vir Job 'n uitweg wees? Is daar vir die gelowiges wat so worstel met waarom-vrae 'n uitweg?

Daar is 'n uitweg. Die vorige keer het ons saam met Job die eerste deel daarvan ontdek: Ons moet met hoop na God toe opkyk. Die Heilige Gees wys die res van die uitweg vanoggend vir ons. Die hele tyd wat die gesprekke aan die gang was, was Job nie net met sy vriende in gesprek nie. Hy het ook geworstel in sy gebede tot God. Aan die einde van sy antwoorde keer Job telkens na God toe terug en hy worstel biddend om die verborge deel van God se wil te verstaan.

Ook sy gebedsworsteling met God word al skerper. Eers het Job nog maar so in die algemeen gevra en met die Here geworstel. Hy het gevra: Is ek 'n seemonster dat U my so in bande vasgeknel het. Dan weer sê Job dat hy nie sou kon glo as die Here hom sou antwoord nie. En aan die ander kant sê Job dat hy nie op die Here se vrae sal kan antwoord nie. Nou raak Job se woorde al skerper en op die man af. Hy sê vir die Here: U het my afgetakel, en my hele gesin uitgewis. U het my beetgepak en dit dien as getuienis teen my sodat niemand meer wil glo dat ek onskuldig is nie.

Dit voel vir Job asof God self oorlog maak teen hom. Die Here agtervolg hom dan soos 'n soldaat en dien hom wond op wond toe. In sy worsteling met God sê Job ook skokkende dinge. God is vir Job 'n Teëstander en dit lyk asof Hy genot daaruit put om die mens so te verniel soos wat met Job gebeur. Job sê vir die Here dat Hy nou besig is om 'n verwaaide blaas rond te jaag. Job het nie meer die krag om enige aanslag teen te staan nie. Geliefdes, hoe skokkend hierdie woorde vir Job se vriende klink, dit is alles deel van Job se gebedsworsteling met God. Dit is opregte en eerlike gebede wat hy tot God rig.

Ook vir ons is Job se woorde skokkend, want hoe kan 'n sterflike mens tog so blatant vir die Here sê: Ek sal vra dan antwoord U my. Ja, ons is geskok oor Job se woorde, maar die Here was nie geskok nie. In die gesprekke tussen Job en sy vriende was daar geen uitweg nie, want dit was skaakmat. En as God dan uitspraak gee nadat Hy ook met Job hard gepraat het, is dit Job – en nie die vriende nie – wat die waarheid oor God gepraat het. Hoe skokkend Job se woorde ook al vir ons klink, die Here ons God wat die harte van mense deurgrond, sê self dat Job reg van Hom gepraat het. Job het biddend met die Here geworstel om te verstaan.

Met Job se hoopvolle opkyk en biddende worsteling maak die Here aan ons duidelik dat Hy nie net op een manier met mense werk nie. God tree nie net op soos die vriende te kenne wil gee nie. Die Here kan immers swaarkry ook vir 'n ander rede as vir straf gebruik. Elihu, die jong vriend wat later bygekom het, het dit vir Job en die ander drie vriende uitgewys toe hy gesê het:

Hy laat die wolke swaar word van vog, Hy stuur sy weerligte in die wolke uit. Hy laat die wolke in die rondte maal, hulle doen wat Hy bepaal, hulle gehoorsaam sy bevele die wêreld oor. God stuur die storm óf om te straf óf om vir die aarde te sorg óf om sy liefde te betoon. (Job 37:11-13 AFR83)

Maar om by hierdie punt uit te kom het Job nie sommer net uit sy eie lewe afgelei dat die Here die swaarkry vir iets anders gebruik nie. Dit het van hom geverg om in die geloof te bly vashou aan God; geduldig en met vertroue te bly wag dat die Here sy saak sal besleg. Maar nie net wag nie, ook met volhardende vertroue bid en vir die Here eerlik en reguit sê wat in sy hart omgaan.

Geliefdes, dit laat 'n mens dieper na onself en ons eie gebede kyk. Dit kom voor of ons in die meeste gevalle te ordentlik is om vir die Here te sê wat ons regtig pla. Ja, ons vra die Here dat Hy ons help en krag sal gee om deur die swaarkry te kom. Maar ons praat so in die algemeen met die Here, want Hy weet mos wat in ons hart aangaan. Hy weet wat ons nodig het, nog voordat ons dit gevra het, waarom sal ons nou nog sy tyd mors om elke ongelukkigheid vir Hom te noem?

Dit is juis omdat die Here weet wat ons nodig het en weet wat in ons hart aangaan, dat ons dit ook spesifiek in alle eerlikheid en opregtheid in die gebed vir die Here kan en moet sê. As ons dit nie doen nie, lieg ons mos vir die Here in ons gebed. Ons gebruik mooi woordjies in die gebed, maar in die stilte van ons hart mor ons oor wat die Here in ons lewe laat gebeur. Tog moet ons weet, eerlik en opreg bid, is nie ongeskik nie. 'n Eerlike en opregte gebed tot die Here erken en bely steeds dat die Here ons God en Vader is wat in die hemel is. Van sy majesteit dink ons nooit aards nie. Die Here word nooit ons pël nie, Hy bly ons God.

Tog hou die Here Homself nie ver van ons af nie. In sy ewige Seun het God in ons wêreld ingekom. Jesus Christus het ons kom leer dat dit juis die Here se wil is dat ons met eerlike en opregte gebede sal volhard. So het Jesus Christus immers in die tuin van Getsémane gebid. Maar Hy het verder gegaan. Jesus het ons nie net kom leer nie, Hy het sy Vader ook met ons kom versoen sodat ons ook nou die voorreg het om God ons Vader te noem. Die groot en ontsagwekkende God het Homself ons hemelse Vader gemaak deur die bloed van sy Seun. En ter wille van Christus, sy Seun, wil die Here ook ons gebede verhoor.

In sy gebedsworsteling het Job met die Here gepraat en hy het reg oor God gepraat. Die vriende aan die ander kant het oor God gepraat maar nie met God nie. En wat hulle ook al gesê het, het van God 'n harde en onvriendelike God gemaak. Hulle het een enkele waarheid aangaande God se werk met mense as die enigste manier van God se werk met mense gemaak. Hieroor was die Here kwaad vir Elifas-hulle. Daarom kry hulle opdrag om sewe bulle en sewe ramme te bring om te offer ter versoening. Maar die offer sal nie genoeg wees nie. Job moet ook vir hulle bid, en die Here het sy gebed verhoor. Job se opregte en eerlike worsteling in die gebed het op die ou end nie net vir homself nie maar ook vir sy vriende genade by God laat vind.

Geliefdes, tot dusver het die Here ons dan met Job se lewe geleer: Wanneer jy worstel om die verborge deel van God se wil te verstaan, gryp in die geloof aan God vas, kyk met hoop op na Hom toe, en volhard met eerlike en opregte gebede. Omdat ons kinders van die Here is, is sy Heilige Gees binne-in ons aan die werk. Glo daarom dat Hy ook in jou die vermoë werk om so te kan vasgryp, hoop en bid. Die Gees herinner ons immers voortdurend dat Jesus Christus nie net 'n offer gebring het nie, Hy het Homself vir ons geoffer. En op grond van hierdie offer bid Hy ook aanhoudend vir ons, sodat ons in die swaarkry en ellende nie moedeloos sal word nie, maar sal volhard soos God wil.

Amen!

Slotgebed

Psalm 62:1, 4, 5 (p. 301)

- 1 Gewis, my siel is stil tot God! / My redding kom op sy gebod,
geen vyand hoef ek nou te dug nie. / Hy is my rots, 'n skans vir my,
Hy sal my voetstap ook dán lei / wanneer ek nêrens meer kan vlug nie.

- 4 Maar jy, my siel, swyg stil voor God, / beskikker van jou lewe en lot,
wat nooit sy woord ontrou sal wees nie. / God is my rots, 'n skans vir my,
Hy sal my voetstap veilig lei, / ek hoef geen wankeling te vrees nie.

- 5 In God is al my heil, my eer, / my sterke rots en teëweer.
God is my toevlug in die lewe. / Vertrou op Hom, o volk, in smart
stort voor Hom uit jul hele hart, / God is 'n skuilplek, hoog verhewe.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 4-6

Ere aan God, ere aan God / in die hoogste, in die hoogste, in die hoogste!
Vrede op aarde, vrede op aarde / in die mense 'n welbehae.
Ere aan God in die hoogste, / ere aan God in die hoogste!
Vrede op aarde, vrede op aarde, / vrede op aarde, vrede op aarde,
in die mense, in die mense 'n welbehae – / in die mense 'n welbehae, 'n welbehae.
Ere aan God, ere aan God / in die hoogste, in die hoogste, in die hoogste!
Vrede op aarde, vrede op aarde, / in die mense 'n welbehae.
Amen. Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
8 November 2015